**Woensdag 23 Maart**

**Skrifgedeelte: Romeine 10:5-13**
**Fokusgedeelte: Romeine 10:10**

## Leef jou geloof

Geloof is persoonlike vertroue en kennis en ’n welbewuste keuse om in gehoorsaamheid aan God se Woord te leef en Hom toegewyd te dien (Deut. 30:20). God se doel vir die gelowige is nie net die hemel eendag nie, maar ook ware dissipelskap nou in hierdie lewe. Ons is gekies om nou heilig en onberispelik te leef. Uitverkiesing is nie net ’n dogma nie, maar ook ’n leefstyl.

Vers 10 beklemtoon die twee hoofsake van die groot opdrag (Matt. 28:19-20), naamlik: Verlossing – maak dissipels – en geregtigheid – en leer hulle alles wat ek jou beveel het. Verlossing deur God se genade in Jesus Christus, en daarom ’n oproep tot goeie werke.

Om jou geloof te leef, beteken dat jou lewenswyse openbaar wat jy in jou hart glo. Dat jou verlossing in Jesus Christus jou aanvuur om dissipels te maak – te vertel dat Jesus Here is. Dat Hy uit die dood opgestaan het, Hy leef en dat die sin en doel van die lewe in Hom is. Die verlossing in Hom beteken dat ons nou in die regte verhouding met God is. Jesus het vir ons geregtigheid bewerk – die regte verhouding met God is herstel.

Hierdie regte verhouding met God stel my in staat, deur die werk van die Heilige Gees, om heilig en onberispelik te leef. Om die nuwe dissipels te leer wat ’n regte verhouding met God beteken.

Glo en bely bring sekerheid. Om te glo, beteken dat ek in my hart oortuig is van my verlossing in Jesus Christus en dat ek nie kan stilbly oor hierdie herstelde verhouding waarin ek nou met God is nie.

Maak dissipels en leer hulle wat God jou beveel het!

*Sing: Skrifberyming 1-1:2*

*Dr. TC (Theuns) de Klerk (Okahandja)*